

## KONSULTASIE OOR KERKHERENIGING

**Dr. Mauritz H. Vorster**

### 1. Inleiding.

Uit die brief en bylaes van die algemene sekretaris van die NGK, aan lidmate gerig, blyk dit dat die sinodes en algemene sinodes reeds 'n lang pad met die beplande hereniging geloop het, ondanks die besware van baie lidmate dat die betrokkenes die kar voor die perde span. Prof. Johan Janse van Rensburg skryf in Kerkbode van 24.11.06 : “Hoe is dit moontlik dat die Algemene Sinodale Kommissie 'n verbond kon sluit met die VGK om een te word en aanvanklik dit aan 'n driejaarperiode kon koppel as hulle nog nie weet wat die uitslag van die toetsing van gemeentes, ringe en sinodes sal wees nie?” Dit verbaas lidmate om van die algemene sinode se kant te moet verneem dat dit nie meer gaan oor die vraag “of” nie, maar “hoe.”

Prof. Van Rensburg spreek sy kommer uit omdat ringe aangemoedig word (soos dit ook in hierdie konsultasiedokument voorkom) om nou reeds ringe saam te voeg. Wat sal gebeur as uiteindelik teen eenwording besluit word? Prof. Van Rensburg vra: “Waarom weet talle lidmate in die betrokke ringe dan nie eens van so 'n toetsing nie?...Is die bestaande ring van die NG Kerk getermineer voordat tot die nuwe ringsverband toegetree is? Is die sinode in kennis gestel dat die samestelling van ringsgemeentes, soos dit deur die sinode vasgestel is, met die eenwording verander het? Kon dit sonder die toestemming van die betrokke sinode plaasvind?” Dieselfde vrae moet gevra word m.b.t. die Wesland Verenigende Ring waarvan ds. Erik Basson met genoegdoening vertel in *Ons Pelgrimstog na Eenheid* (die boekie uitgegee deur die Departement Kerkgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria.).

### 2. Herniging versus vereniging

Dr. Hennie Conradie het met sy navorsing na die geskiedenis van die familie van NG Kerke vir die skrywe van die boekie *Die Belydenis van Belhar – Waarom gaan dit?* tot die slotsom gekom dat die NG Sendingkerk nooit een met die NGK was nie. Prof. N.J. Smith skryf in 1980 in sy doktrale proefskrif: “...dat daar van die begin van die volksplanting af 'n besef was dat die kerstening van die inheemse bevolking 'as 'n spesifieke taak onderneem moes word en afsonderlike bearbeiding vereis.’ Prof Smith glo die kerk het nie van die begin af die stigting van afsonderlike kerke vir die inheemse bevolkingsgroepe in gedagte gehad nie, maar die natuurlike ontwikkeling van sy sendingaksies, wat o.m. die instelling van die sendelingamp in 1824 behels het, het onvermydelik tot die stigting van afsonderlike kerke vir die bevolkingsgroepe gelei.” (Ibid p.21)

Die sendingaksies van buitelandse sendinggenootskappe het ontenseglik daartoe bygedra dat eie kerke vir die inheemse bevolkingsgroepe tot stand gekom het. Daar is blykbaar twee verskillende vertolkings van die woorde van ds. A. Murray wat tydens die sinode van 1857 gebesig is, nl. “die swakheid van sommige”.

Hieroor sê dr. Willie Brown "...dat ds. Murray nie die kleurvoordeel van sommige blanke lidmate in gedagte gehad het nie, maar die feit dat sommige lede uit die heidense kultuurgroepe nie die Nederlandse dienste kon volg nie, maar meer baat gevind het by afsonderlike dienste in hulle eie idioom." (Ibid pp.25,26). Die stigting van die NG Sendingkerk het op grond van die voorafgaande in 1857 tot stand gekom.

Dr. Conradie kom dan tot die volgende slotsom in sy aangehaalde werk. (p28): "Die stigting van afsonderlike eie kerkverbande vir die onderskeie inheemse bevolkings- en kultuurgroepe in ons land was nie die gevolg van die verabsoluttering van die natuurlike verskeidenheid nie, maar het berus op gesonde gereformeerde kerkregtelike en sendingkundige beginsels wat wêreldwyd aanvaar is. Die voorstelling dat hierdie kerkstigtings gelei het tot die verskeuring van die kerk op grond van ras en kleur is 'n growwe vertekening van ons kerkgeskiedenis en verteenwoordig 'n gebrekkige verstaan van die gereformeerde leer aangaande die eenheid van die algemene Christelike Kerk." Uit voorafgaande is dit duidelik om van "kerkhereniging" te praat 'n blatante mistasting en misleiding van die lidmate is en dat daarom eerder van "vereniging" gepraat moet word.

### 3. Is daar 'n Bybelse opdrag vir strukturele kerkeenheid?

Die voorstanders van hereniging van die NG kerkfamilie, maak 'n gewoonte daarvan om hulle op Johannes 17:11,20,23, asook Efesiërs 4:3,13 te beroep. Dit kom ook voor in *Ons Pelgrimstog na Eenheid* waar veral proff. Piet Naudé en Thias Kgatla daarna verwys. Om die dwaling hiervan te bewys, verlaat ek my op die verklarings in Die Bybel in Praktyk. Ek haal aan: "Jesus het nie net vir die klompie dissipels gebid nie maar ook vir almal wat op grond van die dissipels se getuïenis tot geloof sou kom. Hy het ook gebid dat die Vader sy uitverkore gelowiges sterk sou maak teen die Satan se versoekings; dat Hy hulle heilig en rein sou hou en hulle in sy waarheid één sou wees. Die eenheid van die gelowiges is 'n gegewendheid omdat Christus een is en dit moet in die wêreld sigbaar word." En verder na aanleiding van Joh. 17:11 "Jesus wil hê dat die dissipels een moet wees, net soos die Vader, Seun en Heilige Gees een is. Daar is geen sterker eenheid as dit nie. Dit berus op 'n innerlike inwoning en liefde wat uiterlik in 'n eenheidsgetuïenis tot uiting kom." Diegene wat meer as geestelike eenheid hiervan wil aflei, is moedswillig en doen dit slegs om hul eie doelstellings te regverdig. Wat Efesiërs 4 betref, haal ek weer uit Die Bybel in Praktyk aan: "4:3 Om eenheid te bewerkstellig is een van die heel belangrikste take van die Heilige Gees. Ons word opgeroep om die eenheid wat Hy gesmee het, te handhaaf." "4:4-6 **Hoekom die eenheid gehandhaaf moet word.** In hierdie verse word dit duidelik waarom die eenheid gehandhaaf moet word, naamlik omdat ons as gelowiges een is in al die opsigte wat hier genoem word... Die wyse waarop die Here die eenheid wil laat handhaaf is dat Hy verskillende gawes aan die gelowiges gee. (4:7-11) Christus se doel met die gawes is dat die gelowiges toegerus word vir hulle diens (4:12) en sodat hulle groei tot werklike eenheid en volwassenheid (4:13)." Ook hierdie Skrifgedeelte wys ontenseglik op geestelike eenheid (in die gemeente) en is dit vergesog om strukturele eenheid tussen kerke

hierin te lees. Vir elke regdenkende mens is dit tog duidelik dat Christus nie na strukturele eenheid wat prakties tog onuitvoerbaar is, verwys het nie. Wat is die hoofdoel van die SARK en die WRK? Is dit nie om geestelike eenheid tussen Christelike kerke na te streef, en waar moontlik te bewerkstellig nie? By geleentheid het 'n algemene sinodale kommissie self erken dat daar in die Bybel geen voorskrif vir strukturele eenheid is nie. In Kerkbode van 09.03.07 skryf prof. Johan Janse van Rensburg: "Dat strukturele eenheid nie tot die wese van die kerk kan behoort nie, blyk daaruit dat ons saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis (art.27) en die Apostoliese Geloofsbelydenis die katolesiteit (algemeenheid) van die kerk bely. Oral waar gelowiges die drie-enige God se verlossing in Jesus Christus bely, dáár is die kerk. Maar hierdie kerk is oor die hele wêreld uitgestrek. Strukturele eenheid is hier duidelik nie moontlik nie." Ruimte laat my nie toe om ook die uitlegte van Joh. 17 en Efes. 4 deur sekere Engelse teoloë aan te haal nie. Belangstellendes kan gerus *Word Studies* van Vincent, asook werke van Robertson en John Darby lees. Ook vir hierdie teoloë gaan dit uitdruklik om geestelike eenheid.

Gegewe die NGK se Algemene Sinode se vertolking van Joh. 17 en Efes..4 m.b.t. strukturele eenheid, val dit vreemd op dat daar nie met dieselfde ywer na eenwording met die Afrikaanse susterskerke, die APK, die Evangelies Gereformeerde Kerk en ander Afrikaanse kerke, waar daar nie hindernisse t.o.v. taal, kultuur en belydenis bestaan nie, gestreef word nie. Die indruk word al duideliker dat die huidige strewe na eenwording, 'n politieke motief het. Met die deurlees van die brief aan lidmate, *Konsultasie oor Kerkhereniging*, en aangehegte verslae, val dit op hoe dikwels na die leiding en wil van die Vader en die Heilige Gees verwys word. Onwillekeurig kom die vraag by 'n mens op: Is die Here dan net met diegene wat hereniging voorstaan? Het Hy dan Sy kinders vergeet wat wil verhoed dat Sy kerk versplinter? Gedurende my meer as dertig jaar in kerklike diens en ook as kerkraadslid, het dit my meermale opgeval hoe maklik besluite en gebeure aan die leiding van die Heilige Gees toegeskryf word, wat nie altyd die geval blyk te gewees het nie. Dink maar aan die Skrifvertolking oor apartheid. 'n Mens moet dus uiters versigtig wees hoe jy met die Here se wil omgaan.

#### 4. Die Belydenis van Belhar en Politiek

Die aanvaarding van Belhar as 'n ekstra belydenisskrif vir die verenigde kerk is 'n groot turksvy. Terwyl die aanvaarding daarvan vir die VGK nie onderhandelbaar is nie, is daar ook 'n meningsverskil oor die besluit van die algemene sinode van die NGK dat aanvaarding 'n opsionele saak is. Die VGK is slegs hiervoor te vinde as die einddoel is dat Belhar uiteindelik voluit deur al die lidmate van die huidige NGK onderskryf sal word. Hoe kan dit in die praktyk werk waar 'n gedeelte van die kerk 'n belydenis aanvaar en 'n gedeelte nie. Hoe raak dit nuwe toetredende predikante en nuwe lidmate wat hul belydenis van geloof voor bevestiging as lidmaat, moet aflê, of lidmate wat tussen sinodale gebiede verhuis? Die jongste standpunt van die VGK is steeds dat Belhar vir hom onvervangbaar en onvervreembaar is. Volgens Kerkbode van 14.09.07 het prof. Piet Strauss,

moderator van die algemene sinode van die NGK gesê dat hy nie bereid is om die Belydenis van Belhar nou of later te onderteken nie. Volgens hom is daar weinig gemeentes in die Vrystaat, die Noord-Kaap en die voormalige Tansvaal wat Belhar op daardie voorwaardes sal aanvaar. Die RCA en die NGKA van die Vrystaat en Noord-Kaap weier ook om Belhar te aanvaar.

Oor die inhoud van Belhar wil ek my nie uitlaat nie, behalwe dat ek saamstem met die uitlatings van sekere teoloë dat dit mens-, in plaas van Christus-gesentreerd is. Die hele inhoud adem die politieke atmosfeer van die tyd toe dit ontstaan het.

Dr. Conradie skryf op pp.34,35 van sy aangehaalde werk: “Die Moderature van die NGK en NGSK het in 1975 ’n Akte van Ooreenkoms onderteken waarvolgens albei kerke onderneem het ‘om geen veranderinge in die Belydenisskrifte aan te bring sonder dat eers vooraf met mekaar oorleg gepleeg is nie.’ Met verwysing hierna skryf dr. C J Botha van die NGSK: ‘Die ironie is dat dié ooreenkoms reeds eensydig deur die Sinode (1982) verbreek is toe besluit is op ’n belydenis sonder om die NG Kerk te raadpleeg’ (*n Oomblik van Waarheid*, p90).”

Onder leiding van dr. Allan Boesak is in Oktober 1982 ’n *status confessionis* verklaar wat die NGSK sou verplig om ’n nuwe belydenisskrif op te stel. Tydens ’n konferensie van *The Alliance of Black Reformed Christians in Southern Africa* in Oktober 1981 by Hammanskraal, het die voorsitter (dr. Boesak) “...in sy openingsrede gepleit vir ’n ‘swart’ herontdekking van die basiese gereformeerde oortuigings binne die Suid-Afrikaanse situasie. Hy verklaar voorts: *‘I indeed believe black Christians should formulate a Reformed Confession for our time and our situation in our own words’*” (Die Belydenis van Belhar – Waarom gaan dit, p.38) So is die pad oopgemaak vir die geboorte van die Belydenis van Belhar. Dat Belhar, en so ook die beplande “hereniging” polities gemotiveerd is, blyk duidelik uit die Begeleidende Brief by die Belydenis van Belhar, en veral uit die volgende aanhaling uit ’n brief van dr. Boesak in Die Ligdraer van 16.10.86: “...daar agter die ontstaan van Belhar ’n lang geskiedenis van pyn, lyding en onderdrukking lê asook ’n lang stryd teen apartheid. Belhar is dus ’n vrug van die ‘struggle’-politiek en die bevrydingsteologie. Daarom is dit kerklik volstruispolitiek om Belhar op sigself verbandloos te bestudeer en te beoordeel.” In die boek *Ons Pelgrimstog na Eenheid* skryf prof. Piet Naudé: “Die laaste bastion van wit Afrikaneroorheersing kan val – dit sal uiteindelik die einde van apartheid wees.” Proff. Jaap Durand en Piet Meiring verwys na die vrese wat daar by baie teen Belhar bestaan en sê: “Dit kan toegeskryf word aan die wantroue dat, gesien die historiese konteks waarin Belhar ontstaan het en politieke motiewe op die spel is, die kerk as die laaste bastion van wit Afrikanerdom oorgeneem kan word. Vir diegene is Belhar nie ’n belydenisskrif nie, maar ’n politieke dokument onder vroom woorde.” Politieke motivering, na die model van die regering, blyk ook duidelik uit hoofstuk 8 van *Ons Pelgrimstog na Eenheid*, geskryf deur Annalet van Schalkwyk. In dieselfde boek behandel prof. Attie van Niekerk die verskeidenheid van kultuur. Swart oorheersing kan lei tot “reversal of white values” soos tans in Zimbabwe waargeneem word. Op 29 Maart 1998 skryf prof. Van Niekerk (as sendeling en navorser) oor die verskille tussen Westerse en

Afrika kulture, o.a. soos volg in Rapport: “So sien Lovemore Bigi dan ook regstellende aksie as ’n metode om Westerse instellings fundamenteel te transformeer volgens Afrika-waardes.” Dit is reeds opmerklik hoedat Afrikaans in die NGK vir Engels moet wyk soos ook blyk dat sommige hoofstukke in die genoemde boek in Engels geskryf is.

## 5. Moontlike gevolge van strukturele eenheid

- 5.1 In die eerste plek, en seker ook die belangrikste gevolg, is die afskeiding van baie lidmate wat nie met die vereniging kan saamgaan nie. Die NGK se lidmaattal is reeds drasties aan die daal. Hy kan dit nie bekostig om, a.g.v. so ’n onnodige stap, baie lidmate te verloor nie. Aan die ander kant kan dit ook beteken dat dié lidmate wat agterbly, die status quo behou en soos in die verlede as gemeente kan voortbestaan, met behoud van die bates van die gemeente. Dr. M.M. Nieuwoudt (emeritus) skryf in Kerkbode van 19.06.98 soos volg: “En dis hier waar Belhar met sy horisontalisme faal. Hy vra in wese nie waarom die NG Kerk ’n vierde belydenisskrif moet aanvaar nie. Hy vra in wese na ’n nuwe kerk waarin die bestaande Familie van NG Kerke moet opgaan, ’n nuwe kerkstigting met ’n nuwe naam, met vier belydenisskrifte, ’n ‘ankertaal’ (a la die SABC-TV Engels, met ons taal seksioneel soos dit reeds gangbaar is by interkerklike byeenkomste?), en ’n vreemde kultuur (met optogte, getoyi-toyi, en handeklap). Só ’n nuwe kerk (wat sinodaal afgedwing sal moet word) sal geen eenheidskerk wees nie, maar ’n addisionele een met verdere skeurings, hofsake en verbittering! Dis in alle opsigte onaanvaarbaar.” Volgens koerantberigte en Kerkbode is daar tans nog heftige twiste tussen die VGKA en die NGKA in die Vrystaat, o.a. oor eiendom. Skelwoorde soos “tweegatjakkals” en “verkleurmannetjie” word gehoor. Sal daar ooit harmonie wees in ’n herenigde kerk?
- 5.2 Die behoud van Afrikaans is vir baie lidmate van die NGK nie onderhandelbaar nie. Prof. Pieter Potgieter het hom reeds op 31.03.96 soos volg teenoor Rapport uitgelaat: “...die prysgawe van Afrikaans is vir hom ’n te hoë prys vir moontlike kerkvereniging met die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) en die Reformed Church in Africa (RCA)... Die meerderheid lidmate en ampsdraers voel ook so... As ’n mens taal gaan ignoreer, gaan die NG kerk skeur... Want anders as wat sekere kerkmanne deesdae in mode-idioom wil voorgee, het die kerk ook kultuurwortels en ’n kultuurtaak.” Om veral die RCA en die NGKA ter wille te wees sal die voertaal by meerdere vergaderings en kommissies noodwendig Engels moet wees. Uiteraard sal dit na gelang van omstandighede, ook na gemeentes afwintel en sal o.a. al meer Engelse liedere gesing word. Kultuurverskille bring mee dat eredienste in die drie betrokke kerke verskillend ingeklee is en dat aanpassings baie problematies en vreemd kan wees.
- 5.3 Finansies blyk ’n wesentlike probleem te wees. Daar is reeds verneem dat minstens een predikant en verskeie lidmate gedreig het dat hulle hul bydrae tot die “herenigde” kerk sal staak. Dit is bekend dat die VGK in groot ekonomiese nood

verkeer waartoe die hofsake met die NGKA geen geringe bydrae gelewer het nie.

## 6. Slotsom

Dr. Hennie Conradie kom tot die volgende slotsom in sy aangehaalde werk: “Ons glo die eenheid van die kerk moet op plaaslike vlak, in die plaaslike gemeentes sigbaar word, soos ons gereformeerde belydenisskrifte dit aan ons voorhou. Ons vier kerke – NGK, VGK, NGKA, en RCA – is immers almal oop vir lede van enigeen van die kerke om eredienste by te woon, lidmaat te word, in die ampte te dien, ensovoorts...As die Belhar-belydenisskrif vir die VG Kerk ononderhandelbaar is, staan sy deure tog oop vir almal wat daarmee gemaklik is, om by hom aan te sluit. Die NG Kerk se deure is ook oop vir wie ookal sonder die Belhar-belydenisskrif by hom wil aansluit. So kan die ‘eenheid... in vryheid gestalte vind en nie onder dwang nie’ (*Belhar-belydenis*).”

Port Elizabeth, 17.09.07.